MEDIAVRYSTELLING

Stellenbosch Kunsvereniging Lede-uitstalling: *Vind*

29 September tot 8 Oktober 2018

Hofmeyrsaal, Kerkstraat, Stellenbosch

Die tweede jaarlikse kunsuitstalling van die Stellenbosch Kunsvereniging se lede word vanaf 29 September tot 8 Oktober in die Hofmeyrsaal in Kerkstraat Stellenbosch aangebied. Die opening vind plaas op Saterdag 29 September 2018 om 10:30 vir 11:00.

Die uitstalling vind plaas in vennootskap met Moederkerk en Kruiskerk Stellenbosch, want kuns open perspektiewe op betekenisvolle lewe.

Die Stellenbosch Kunsvereniging en e'Bosch werk ook saam om deur kuns 'n bydrae tot die behaal van die Erfenisprojek se doelstellings in Stellenbosch en sy 10 Dorpies te lewer. Kunstenaars uit die Dorpies is genooi om deel te neem en 'n aantal aspirant kunstenaars uit die gemeenskap word geborg.

Skilderye, foto's, tekeninge, beeldhouwerk en keramiek word vir uitstalling aanvaar. Die tema is *Vind.* Dit bied ruim geleentheid vir interpretasie aan die kunstenaars en bied ook 'n uitdaging aan die kykers om na te dink oor die betekenisse van vind – byvoorbeeld letterlik iets vind wat verlore was, iets terloops optel of vind of berusting vind.

Tien gaskunstenaars is vanjaar genooi om deel te neem:

- Kaffie Pretorius
- Mila Reyneke
- Marion Langton
- Lenie Harley
- Stephen Rautenbach
- Strijdom van der Merwe
- Johan Swart
- Nanette Ranger
- Fana Malherbe (posthuum)

Die Stellenbosch Kunsvereniging se kunsuitstalling by die Hofmeyrsaal in Kerkstraat is elke dag, behalwe Sondag, oop van 10:00 tot 16:00.

English.....

MEDIA RELEASE

Arts Association Stellenbosch Members' Exhibition: *Find*

29 September to 8 October 2018

Hofmeyr Hall, Church Street, Stellenbosch

The second annual art exhibition of the Arts Association Stellenbosch members is to be presented at the Hofmeyr Hall in Church Street from 29 September to 8 October 2018. The opening takes place at 10:30 for 11:00 on Saturday 29 September.

The exhibition is presented in collaboration with Stellenbosch Moederkerk and Kruiskerk, because art opens perspectives on a meaningful life.

The Arts Association Stellenbosch and e'Bosch are collaborating to contribute to the Heritage Project's aims by means of art in Stellenbosch and its 10 Dorpies. Artists in the Dorpies have been invited to participate and a number of aspiring artists from the community are being sponsored.

Paintings, photos, drawings, sculpture and ceramics are included in the exhibition. The theme is *Find*. This can mean many things for different people and allows spectators to consider the meanings – for example literary finding something which have been lost, finding something incidentally or finding peace.

This year ten guest artists have been invited to exhibit:

- Kaffie Pretorius
- Mila Reyneke
- Marion Langton
- Lenie Harley
- Stephen Rautenbach
- Strijdom van der Merwe
- Johan Swart
- Nanette Reynders
- Fana Malherbe (posthumously)

The Arts Association Stellenbosch Members' Exhibition is open from 10:00 until 16:00 every day except Sunday.